WITH THE WORD BIBLE COMMENTARY – DR WARREN WIERSBE

IN AFRIKAANS VERTAAL EN VERWERK DEUR DR ANDRE BESTER

Sondag 29 Januarie **MATT 21**

Die Koning (21:1–11). Die mense was blind vir die Skrifte (Sag. 9:9). Hulle het Hom met Psalm 118:26 geprys, maar verse 22–23 van die Psalm, wat Jesus later aangehaal het, misgekyk (sien Matt 21:42). Ons moet so pasop om die Bybel te ken, maar nie die Here raak te sien en te ken wanneer Hy in ons midde aan die werk is nie.

Die Regter (21:12–22). Jesus het die tempel gereinig en die vyeboom vervloek, twee "ongewone dade" vir Hom wat nie gekom het om te oordeel nie, maar om te red (Jes. 28:21). Soos die tempel was Israel van binne verdorwe; en soos die vyeboom was hulle vrugteloos van buite. 'n Kerk kan 'n "rowerspelonk/hok van diewe" word, as mense dit gebruik as 'n plek om ons sondes te bedek (Jes. 56:7; 1:10–20; Jer. 7:11). 'n Persoon wie se lewe "niks anders as blare" is nie, loop gevaar van oordeel, want Christus soek vrugte (Matt. 7:15–20).

Die Seun (21:23–41). Jesus het gesag omdat Hy die Seun van God is! Die wingerd is Israel (Jes. 5) wie se leiers nie die Seun gerespekteer het toe Hy gekom het nie. Die nasie het die Vader verwerp toe hulle die getuienis van Johannes geweier het, en nou was hulle op die punt om die Seun te verwerp.

Die klip (21:42–46). Die Joodse leiers het hul eie vonnis uitgespreek. Jesus het Psalm 118:22–23 aangehaal om te bewys dat hulle sondes nie Sy oorwinning sou verhinder nie (Jes. 8:14–15; Dan. 2:34; Hand. 4:11; 1 Pet. 2:9). As hulle maar net soos die kinders geword het en die Here geprys het in plaas daarvan om teen Hom te veg (Matt. 21:15–16; Ps. 8:2)!

Die Bruidegom (22:1–14). Die verwerpte Seun word opgewek en heers in heerlikheid. Hy is die Bruidegom wat wil hê dat almal na Sy feesmaal moet kom. Israel se verwerping van die uitnodiging het gelei tot die vernietiging van Jerusalem (v. 7). Maar die uitnodiging is vandag nog oop. Maak net seker dat jy nie 'n besoedelde kleed van selfregverdiging aan het nie (Jes. 64:6); laat die Here Jesus deur sy kosbare bloed die kleed van sy geregtigheid voorsien (Jes. 61:10; 2 Kor. 5:21).